basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. As ’n kandidaat in Afdeling A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se vrae nagesien.
3. As ’n kandidaat in Afdeling B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geïgnoreer**. As ’n kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer**.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom/haar self gepenaliseer het. As die opstel te lank is, laat ’n oorskryding van ’n maksimum van 50 woorde toe en **ignoreer die res van die opstel**.
8. Kontekstuele vrae:
   - As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word hy/sy **nie gepenaliseer nie**.
9. Opstelvrae:
   - Indien ’n kandidaat geen relevante feite of hoofgedagtes by die opstelvraag bespreek het nie, kry die kandidaat 0 vir INHOUD en die laagste kategorie vir TAAL.
   - Indien ’n kandidaat die verhaal van die roman/drama in die opstelvraag vertel, word die antwoord nagesien. Die kandidaat gaan hom/haar penaliseer met INHOUD en hy word met een kategorie vir TAAL gepenaliseer.
   - Indien die kandidaat ’n duidelike inleiding en slot in sy antwoord aanbied, word die TAAL op kategorie 5 en hoër geassesseer.
   - Indien die kandidaat slegs ’n inleiding of slegs ’n slot aanbied, word die TAAL op kategorie 4 geassesseer terwyl die kandidaat wat geen inleiding en geen slot aanbied nie se TAAL op kategorie 3 geassesseer word.
   - Die punte word in die ANTWOORDEBOEK vir inhoud sowel as taal aangedui.
   - Indien die kandidaat nie die kapstokke in die opstelvraag chronologies beantwoord nie, word al die feite nagesien. Die kandidaat word wel by die kategorie TAAL gepenaliseer.
   - Indien die kandidaat opskrifte by die opstelvrae aanbied, word die kandidaat gepenaliseer met een kategorie vir TAAL.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: OPSTELVRAAG 'Nuus uit die binneland' – Peter Blum

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.
LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.

Taal en styl:
Beoordeel volgens die rubriek.

Inleidingsparagraaf
Die kandidaat kan enige gepaste inleidingsparagraaf aanbied, bv.

- Teenstellings word in die gedig gebruik om ’n bepaalde boodskap oor te dra.

Die voorwaardes waaronder die droombeelde in strofe 1 opgeroep word (3 feite)

- In die winter wanneer dit sag in die Boland reën
- Wanneer die mis voor die berg wegskuif/die regte weersomstandighede vir droom geskep is
- Wanneer die reën sag oor die groen grasperke stuif
- Wanneer die reën die bergreekse/plante minder sigbaar maak
- As voor die ruit popliere, eike en kastaiingbome saamvloei

Die teenstellings tussen die Boland en die binneland (3 teenstellings)

- In die Boland heers ’n sagte klimaat terwyl die binneland wilde bergwinde het wat alles rondwaai.
- Die Boland herinner aan die kultuurversadigde Europa terwyl die binneland aan die barbaarse Afrika herinner.
- Daar heers ’n rustige/vreedsame/dromerige aard in die Boland terwyl die binneland ’n harde, ongenaakbare aard het.
- Die wind waai deur die palms nes ’n barbaar in ’n boek blaai (ongekultiveerd) terwyl die Boland oor ou beskawings lees (gekultiveerd).
- In die Boland is daar waters wat kalmeer. Aan die ander kant, is daar in die binneland aanslae soos droogtes/brand/aardbewing/oproer – dit wat nie kalmerend van aard is nie.

Die geldigheid van die insig waartoe die spreker kom (1 gemotiveerde feit)

- Die spreker kom tot die insig dat hy in ’n ongetemde/ongenaakbare binneland/Afrika woon. Dit is geldig, want daar is rukwinde/droogte/sprinkaanplae/aardbewings/oproer/skroeiende hitte.
- Die spreker kom tot die insig dat Afrika dramaties van Europa/Engeland verskil. Dit is geldig, want Europa is “grys en sat” teenoor Afrika wat droog en warm is.

Slot
Die kandidaat moet met ’n gepaste paragraaf eindig, bv.

- Dit is duidelik dat die teenstellings funksioneel is. **[10]**

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG 'Busrit in die aand' – Elisabeth Eybers		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
2.1	tersine/ terset √	1
2.2	"skaduwee-skimme"/ "lang ligvaandels" √	1
2.3	Dit dui op die onvriendelike stad/werkomgewing/omstandighede/'n stormagtige/ gejaagde lewe√	1
2.4	Hulle is vasgevang in hul omstandighede. √	1
2.5	Die moeisame tog van die bus word beklemtoon. √	1
2.6	"ons" – geliefdes √ "hul" – ander passasiers/werkers √	2
2.7	Dit bring 'n sikliese gang./ Die fokus is nou op hul ingesteldheid. √	1
2.8	Ja, die liefde maak dat alles rooskleuriger lyk/hulle moegheid word verlig deur die liefde tussen hulle. √√ Nee√, hulle is nog jonk en nie deel van die werkers wat vasgevang is nie.√√	2
		[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG 'staat' – Niel van Tonder		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
3.1	vrye vers/vers libre/praatpoësie/profetiese vers/nie-formele vers/ politieke (weerstands-) gedig √	1
3.2	uitsteltegniek √ Daar word eers in reël 3 na die krap (metafoor van die staat) verwys. √	2
3.3	Terwyl die krap waaksaam voorgekom het, is hy alreeds binnegedring en dood./ Die miere het die dop van die krap binnegedring en ten spyte van die oënskynlike waaksaamheid is hy alreeds dood. √ *Beide kante van ironie moet gegee word om een punt te kry.*	1
3.4	Die staat (krap) is in 'n onnatuurlike omgewing (van die apartheidstelsel)/nie tuis in sy omgewing nie/hoort nie in daardie omgewing nie. √	1
3.5	"sit/roerloos(wit) – "roer 'n steeltjiesoog" √ *Beide antwoorde vir een punt.*	1

3.6	halfrym/ alliterasie/ d-alliterasie/ assonansie √	1
3.7	Om die leser by die gebeure te betrek. √	1
3.8	Enige staat wat houtgerus raak/in selftevredenheid verval√, staan die gevaar om oorgeneem te word deur die massa./ √ Die regerings wat nie paraat is nie√, kan ondermyn word. √	2
		[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG 'Gebed om leiding' – MM Walters		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
4.1	hekeldig/satire √	1
4.2	Die inhoud moenie aan ’n spesifieke gemeente/predikant gekoppel word nie./ Indien die leser die gedig op ’n spesifieke persoon van toepassing maak, word die gedig nie verstaan nie./ Die gedig het eerder universele waarde as wat dit op ’n spesifieke geval van toepassing gemaak kan word. √	1
4.3	“sakramente” √	1
4.4	Die “goue gans” dui op die finansiële/geldelike gewin√ wat die predikant as spreker ontvang as hy loseerders kan inneem. √	2
4.5	Die predikant het homself as sedebewaker aangestel, maar hy oortree self/het dubbele standaarde deur na bose/godslasterlike/verligte opvoerings te gaan kyk. √	1
4.6	Die spreker wil nie daaroor praat nie/dit nie aan almal bekend maak nie./ Dit is ’n bygedagte./ Die parentese gee ekstra inligting as rede dat hy nie die beroep kan aanvaar nie. √	1
4.7	Hy geniet/vind die kontak met die akademici verrykend/doen navorsing by die universiteit. √	1
4.8	Die kandidaat gee sy eie gemotiveerde antwoord, bv. Ja, want die swakhede van die mens word blootgestel. √√/ Nee, die gedig tree afbrekend teenoor predikante op. √√	2
		[10]

EN

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5: OPSTELVRAAG 'Dieet' – Rika Cilliers

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Die aantal feite van die kandidaat word by die volgende kodes afgelees.

Taal en styl:
Beoordeel volgens rubriek.

Inleidingsparagraaf
Die kandidaat kan enige gepaste inleidingsparagraaf aanbied, bv.

- Die titel van die gedig word deur die halfrym, tipografie en enjambement ondersteun. Die eindplasing van sekere woorde versterk die titel.

Die soort halfrym wat deurlopend in die gedig voorkom (1 feit)

- Assonansie kom hoofsaaklik voor.

Hoe die woord *Dieet* en die halfrym by mekaar aansluit (2 feite)

- Die i-assonansie sluit aan by die gedagte van dieet/minder word/maerder word.
- Dit bind/hef woorde uit wat by dieet aansluit, bv. krimp, minder, niks.
- Die i-letter skep die illusie van skraal.

Die wyse waarop die tipografie en die enjambement die titel ondersteun (3 gemotiveerde feite)

- Die versreëls is aanvanklik lank, maar word al hoe korter. Dit sluit by die gedagte van maerder word/gewigsverlies aan.
- Die laaste versreël bestaan slegs uit een woord en dit is dan ook wanneer sy by die dood omdraai as gevolg van hierdie siekte wat haar al maerder laat word.
- Die enjambement dui die progressie van die siekte aan/versnel die tempo van maer word tot daar later niks van haar oorbly nie.
- Omdat die versreëls aaneen gelees word, dui dit daarop dat die gewigsverlies aanhoudend/aanmekaar was.

Jou mening oor die gebruik van die eindwoorde in reël 1, 2, 3, 5 en 8 (1 gemotiveerde feit)

- Deur die eindplasing word die leser se aandag gevestig op hoe maer sy word, totdat daar later niks van haar oorbly nie. Die dieet het haar heeltemal verorber.
- Die eindplasing van die woorde is baie slim, aangesien die leser dadelik sien dat die dieet haar vernietig het.
- Dis effektief, want dit wys hoe sy maerder word (visueel).
- Dit is goed gekies, want dit wys dat haar dieet werk. **[10]**

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG 'Dieet' – Rika Cilliers		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
6.1	anoreksie (nervosa)/dieetsiekte√	1
6.2	winter √	1
6.3	Dit dui op die sy wat al hoe maerder geword het. √	1
6.4	niks √	1
6.5	Die versreëls raak al hoe korter en dit sluit aan by die idee van die sy wat maerder raak/krimp. √	1
6.6	Ja/Dit is geslaagd. Die versreëls word aaneen gelees en dit dui daarop dat die gewigsverlies aanhoudend/aanmekaar was. √√	2
6.7	assonansie √	1
6.8	Dit dui die progressie van die siekte aan./ Deur die eindplasing word die leser se aandag gevestig op hoe maer die dogter word. √	1
6.9	Dit maak die gedig universeel./Baie mense kry hierdie siekte./Dit dui daarop dat die siekte voortduur./Dit dui daarop dat daar later niks van die persoon oorbly nie. √	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA geassesseer. Naas die inhoud (15 punte) moet die aanbieding (taal en styl) ook volgens die rubriek geassesseer word (10 punte).
LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.

Inleidingsparagraaf:
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleidingsparagraaf, bv.

- Iris ervaar konflik wat verhoudinge met ander karakters beïnvloed.

Wat konflik in ’n roman is (2 feite)

- Konflik is botsing/rusie/stryd/struweling/spanning.
- Konflik is die element in ’n roman wat die handeling rig.
- Konflik is ’n stryd wat ontstaan as gevolg van keuses, begeertes wat in stryd is met die aanvaarbare norme, oordeelsfoute, vrese, behoeftes, ens.
- Konflik kan verskeie vorme aanneem, soos konflik met omstandighede\noodlot, met ander karakters of innerlike stryd binne-in ’n karakter.
- Innerlike sowel as uiterlike konflik kom voor.
- Konflik dra gewoonlik by tot insig en groei by die hoofkarakter.
- Newekarakters dra by tot spanning/konflik/stryd by die hoofkarakter.
- Konflik in ’n roman dra by tot die spanning en ontwikkel tot ’n krisis en klimaks.

Hoe konflik by Iris vanaf haar geboorte voorkom (4 feite)

- Konflik ontstaan tydens Iris se geboorte omdat almal haar oorhaastig toegevou het en sy eerder graag aanmerkings wou maak soos dat die lig te skerp was, dat sy moeg was of dat haar geboorte ’n wurgende ondervinding was.
- Iris voel dat niemand sedert haar geboorte na haar luister nie en sy moes stilbly omdat sy te jonk was om saam te praat.
- Iris staan in die skadu van haar susters, haar konflikkwessies was onbenullig teenoor hulle s’n.
- Toe Iris deur haar eksistensiële krisis gegaan het, het Elsa se swangerskap die krisis oorskadu.
- Iris sien haarself as buitestander in haar familie, haar ma, Els/Elsa, verklaar dat Iris sedert haar geboorte anders was, in stryd met die gesin.

Hoe Iris se konflik haar verhouding met Peter beïnvloed (3 gemotiveerde feite)

- Peter en Iris gaan by die bure swem toe hy by haar gaan kuier. Hulle gesels en Peter sê dat hy Iris nie verstaan nie, waarop hy haar in die swembad stamp.
- Peter is jaloers op Iris. Hy kom kuier by haar nadat hy reeds in Amerika was en wil weet of daar ’n ander man in haar lewe is. Sy antwoord ontwykend en Peter raak kwaad.
- Peter verskil van Iris oor die waarde wat sy aan haar naam heg. Hy voel sy moes liewer Anna of Maria genoem word. Iris voel huilerig na hierdie ongevoelige optrede van Peter.
- Peter stel aan Iris ’n ultimatum om saam met hom Vermont toe te gaan of die modelkontrak te aanvaar. Peter voel dat hy nie meer ’n snuiter is wat onbepaald kan wag tot Iris tot haar sinne kom nie.

Die innerlike konflik wat Iris ervaar (3 gemotiveerde feite)

- Iris ervaar sedert haar geboorte innerlike konflik, want sy voel dat niemand na haar luister nie.
- Iris is onseker om keuses te maak (werksaanbod as model) aangesien sy nie weet of dit haar blomtyd is nie en sy wil nie die verkeerde keuses uitoefen nie.
- Iris ervaar innerlike konflik oor haar voorkoms – sy bly ontevrede met haarself en wil verander, iets anders wees en word.
- Iris gaan deur 'n eksistensiële periode waar sy haar voorkoms verander en tob oor die sin van die wêreld en die groter geheel.

Die geloofwaardigheid van die afloop van Iris se konflik (2 gemotiveerde feite)

- Die konflik met Peter word opgelos toe sy met hom trou en sy is oortuig dat sy die regte besluit geneem het. Dit is 'n geloofwaardige afloop.
- Iris se innerlike konflik word met die hulp van die Engel opgelos waar hy na haar luister en sy tot ander insigte kom oor die huwelik, haar blomtyd en die modelkontrak wat nie vir haar bedoel was nie. Hierdie afloop is nie geloofwaardig nie aangesien die Engel tog nie regtig bestaan het nie en net deel van haar fantasiewêreld (magies-realisme) was.

Watter raad jy aan Iris sou gee om die konflik op te los (1 gemotiveerde feit)

Die kandidaat gee sy eie antwoord binne die konteks van die verhaal, bv.

- Ek sou aan Iris sê om nie so besluiteloos te wees nie en besluite te neem wat tot haar voordeel strek; dit sou 'n goeie keuse wees om 'n model te word.

Slot

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Deur konflik het Iris tot insig gekom. **[25]**

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE LVRAAG *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker

Vraag	Antwoord	Punt
8.1	Die teks verwys na "sy kaal rug het haar week gemaak"/dat sy altyd op sy "roepstem" antwoord. √	1
8.2	Iris beland altyd in een of ander situasie waaraan sy moeilik kon ontsnap./Hy gee vir haar om. √ **EN** Sy gesels met Billy, die taxibestuurder/Joe Pryer, die fotograaf/Maria de Jesus,die Mexikaanse vlugteling/die vuurhoutjieman/die portier/Iris gesels maklik met vreemde mense. √ *Enige TWEE voorbeelde kan aangebied word.*	1 2
8.3	Dit is winter/dit sneeu/is koud in New York daarom dra sy 'n jas en stewels. √	1
8.4	Hy kon vanweë die sneeu nie 'n vliegtuig haal nie./Sy vliegtuig was vertraag./Hy moes op die lughawe wag vir wanneer dit veiliger was om te vlieg./ Hy moes op die lughawe slaap./ Peter was opgewonde omdat hy Iris weer sou sien en dus kon hy nie slaap nie./ Peter was gespanne omdat hy nie betyds was om Iris te ontmoet nie en dus kon hy nie slaap nie. √√ *Enige TWEE redes kan aangebied word.*	2

8.5.1	Sy koop 'n poskaart met 'n windmeul op en skryf vir die hond 'n briefie oor hoe sy nie by sy land van herkoms uitgekom het nie. √	1
8.5.2	Net soos Polder Iris se poskaart nie kan lees en verstaan nie, net so was Peter se poskaarte aan Iris vaag en onduidelik./ Albei ontvang poskaarte. √	1
8.6	'n Mens het net een blomgeleentheid. √ **EN** Die vuurhoutjieversamelaar laat die gedagte by Iris posvat dat elke dag 'n unieke geleentheid kan wees. √ In die slot besef Iris dat elke dag/oomblik 'n blomoomblik kan wees. √	1 2
8.7	Eerstepersoonverteller √	1
8.8	Sy het Peter ontmoet wat oor die kwaliteite wat sy in 'n lewensmaat soek, beskik./Hy het regtig na haar geluister/haar die nodige vryheid gegee om haar eie keuses te maak.√	1
8.9.1	Iris se ma het geweier om saam te gaan voordat daar nie 'n behoorlike badkamer is nie/hulle hond veilig sal wees nie.	1
8.9.2	Sy is 'n selfstandige vrou./ Sy is 'n feminis./ Sy neem haar eie besluite./ Sy was 'n selfsugtige vrou./ Sy is 'n diereliefhebber en wil nie met Polder plaas toe gaan nie.√	1
8.10	Johanna spot met Ma./ Iris se ma het gedink dat seekoeie haar hond sou doodmaak, maar dit was net 'n flou verskoning omdat daar nie badgeriewe was nie. √	1
8.11	Sy wil vir Polder hê./ Sy wil aangaan soos altyd./ Sy wil maak asof niks gebeur het nie. √	1
8.12	Die lelie/ Die Engel/ Polder √ *Enige TWEE kan aangebied word.*	2
8.13	Fantasiewêreld versus realiteit/ Die rol wat fantasie in die lewe van mense speel/ Magiese realisme √	1
8.14	Die Engel sal die duiwe ontstel./ Die duiwe broei.√	1
8.15	Ja. √ Sy is geïrriteerd met haar skoonpa omdat hy vooropgestelde idees het./ Sy is gefrustreerd met haar skoonpa omdat hy haar nie eintlik ernstig opneem nie. √ *Nee is nie aanvaarbaar nie.* *Ja kry 'n punt, die motivering kry die ander punt.*	1 1
8.16	Daar is nooit 'n swaarmoedige atmosfeer nie./Probleme word gou opgelos. √	1
		[25]

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG *Manaka – Plek van die Horings* – Pieter Pieterse

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien. Naas die inhoud (15 punte) moet die aanbieding (taal en styl) ook volgens die rubriek geassesseer word (10 punte).
LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.

Inleidingsparagraaf:
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleidingsparagraaf, bv.

- Griesel ervaar konflik wat verhoudinge met ander karakters beïnvloed.

Wat konflik in ’n roman is (2 feite)

- Konflik is botsing/rusie/stryd/struweling/spanning.
- Konflik is die element in ’n roman wat die handeling rig.
- Dit kan konflik/stryd wees as gevolg van keuses, begeertes wat in stryd is met die aanvaarbare norme, oordeelsfoute, vrese, behoeftes, ens.
- Konflik kan verskeie vorme aanneem, soos konflik met omstandighede/noodlot, met ander karakters of innerlike stryd binne-in ’n karakter.
- Innerlike sowel as uiterlike konflik kom voor.
- Konflik dra gewoonlik by tot insig en groei by die hoofkarakter.
- Newekarakters dra by tot spanning/konflik/stryd by die hoofkarakter.
- Konflik in ’n roman dra by tot die spanning en ontwikkel tot ’n krisis en klimaks.

Hoe Griesel by die ander karakters konflik veroorsaak (4 feite)

- Griesel is na die Senanga-gebied gestuur om sendingwerk daar te doen. Die inwoners ervaar hom as meerderwaardig en verhewe.
- Hy lyk van die begin asof hy nie inpas nie. Sy kleredrag verseker sy verhewenheid./Hy is ongemaklik met sy menswees. Baas noem hom ’n *helikopterpilot*.
- Hy misken ouma Essie se rol in die gemeenskap t.s.v. die feit dat almal haar die Profeet van die Bybel noem, wat nie vir haar lekker kon wees nie.
- Hy was sy hande nadat meneer Kebbey hom groet. Kebbey móét bewus wees van sy minderwaardige behandeling.
- Voorgee is vir hom belangrik. Hy maan sy vrou om die dinge korrek te doen, deur nie familiêr met die plaaslike bevolking te raak nie. Dit veroorsaak spanning.
- Griesel en Baas is die heeltyd haaks. Daar is ’n voortdurende spanning tussen hulle, bv. hy dring Baas se ruimte binne (slaapplek).
- Griesel misken die gebruike van die khuta. Nanna moet hom daaroor aanspreek.
- Griesel is jaloers op die gemaklike verhouding tussen Baas en Nanna. Hy sê dat Baas sy vrou moet uitlos. Baas raai Griesel aan om beter na sy vrou te kyk.
- Griesel veroorsaak konflik by Baas oor Christenskap. Baas wil by hom weet wat maak van ’n mens ’n Christen. Hy verwys Baas na sy Bybel./Hy het nie ’n antwoord vir Baas nie.

Hoe Griesel se konflik sy verhouding met Nanna beïnvloed (6 gemotiveerde feite)

- Hy spreek haar van die begin af aan om dinge korrek te doen. Hy is kwaad as sy uitreik na meneer Johnnie en sê ’n mens kan nie vir almal werk aanbied nie. Hy wil nie meneer Johnnie se hulp hê nie, want hy rook en dit pas nie by ’n sendingstasie nie. As Nanna saam met oom Scholtzie en ouma Essie wyn drink, vermaan hy haar oor die voorbeeld wat sy stel. Uiterlike vertoon is vir hom belangriker as opregtheid.
- Hy is sarkasties teenoor Nanna as sy bewoë raak oor die pampoen wat ’n swart vrou vir haar gee.
- By die khuta is hy geïrriteerd en afsydig as Nanna aanklank by die kinders vind deur vir hulle gesigte te trek. Hy is jaloers op die feit dat sy onmiddellik aanvaar word en hy nie.

- Hy breek by Baas se huis in en Nanna se bestraffing word begroet met 'n eiegeregtigheid: hulle is mos sendelinge.
- Sy selfsugtigheid laat hom die beste slaapplek vat en laat Nanna onder die afdak slaap.
- Hy steur hom nie soos Nanna aan die Lozi's se etiketgebruike nie. Dit laat hom in konflik met Nanna wat met haar sang en omgee dadelik die harte van die Lozi's steel.
- 'n Ernstige uitbarsting ontstaan as Nanna ferm raak oor die opbou van die sendingstasie en Griesel haar aanspreek. Dit gaan weer oor sy eie-ek omdat hy soos 'n stout kind optree. Hy is hoogs beledig deur die min geld en die gebrek aan sy eie plek en vergeet waarom hy daarheen gestuur is.
- Op die oog af het Nanna baie beter verhoudinge met die res van die karakters as wat sy met Griesel het. Dit hou verband met sy valsheid, selfsug, eiewaan, ontevredenheid.

Die geloofwaardigheid van die afloop van die konflik tussen Griesel en Nanna (2 gemotiveerde feite)

- Nee.
- Griesel kom nooit tot insig nie. Hy bly die "bedorwe kind" wat gedink het sendingwerk is 'n maklike werk.
- Hy is meerderwaardig en dit maak hom onsuksesvol in sy werk.
- Hy is arrogant en dit veroorsaak dat hy nie sy vrou se aandeel in die vordering op Manaka besef nie.
- Die konflik word nooit opgelos nie. Hy vlug van die uitdagings van Manaka weg sonder dat iets opgelos is.

OF

- Ja.
- Hy besef hy is nie nodig daar nie en trek weg.
- Hy pas nie by die gemeenskap of mense van Manaka in nie en gaan eerder weg.
- Griesel het gedink dat hy beter as die mense op Manaka is en gaan weg.

Watter raad jy aan Griesel sou gee om sy konflik op te los (1 gemotiveerde feit)

- Hy moes groter erns met sy roeping gehad het, dan sou hy 'n verskil kon maak.
- Hy moes Nanna beter gebruik het, want dan sou hy meer suksesvol gewees het.
- Hy moes meer mens en minder dominee gewees het. Die gemeenskap sou hom dan makliker aanvaar het.
- Hy moet ontslae raak van sy meerderwaardigheid en leer om te dien. Hy sou dan gemakliker met homself gewees het.
- Hy moes meer respek vir ander mense hê. Dit sou sy verhoudinge verbeter het.
- Hy moes meer ontspan het – dan sou dinge makliker gewees het.

Slot

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Deur konflik het Griesel tot insig gekom.
- Ten spyte van sy konflik verander hy nooit nie. **[25]**

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG *Manaka – Plek van die Horings* – Pieter Pieterse		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
10.1.1	Nanna verwys na haar (eerste) ontmoeting met mister Johnnie. √	1
10.1.2	Sy wil hom indirek bewus maak van hul eintlike missie daar en dat Christenskap meer as Woordverkondiging behels. √	1
10.2	Sy kneukels wys wit op die stuurwiel. √	1
10.3	Dit is 'n baie arm gemeenskap met min werksgeleenthede./ Daar is vreeslik baie mense wat afhanklik gaan wees van hul hulp.√	1

10.4	Sy wou Nanna laat welkom voel. √ Nanna het vir haar geld gegee/werk aangebied. √	2
10.5	Griesel verwag korrekte optrede van Nanna, √ maar hy breek by Baas se slaaphut in. √ *Beide kante van ironie moet gegee word.* **EN** Nanna groet toe hul Manaka verlaat, maar Griesel loop sonder om te groet. √	2 1
10.6	Hy vra wat hy vir die mense van Manaka kan doen of uitvind./ Hy is 'n gevoelsmens. Ten spyte van die feit dat Baas baie onvriendelik met hulle is, nooi hy Baas om saam met hulle te kom bid./ Hy kom spesiaal saam om die Du Pisani's te kom vestig./ Hy bid vir ander./ Hy probeer voortdurend om die twis tussen Griesel en Baas te besleg./ Hy beskou alle mense as gelykes. √√ *Die kandidaat kan enige TWEE noem.*	2
10.7	Ja √ Scholtzie veroordeel/beskuldig die plaaslike bevolking aanvanklik,√ maar maak dadelik verskoning daarvoor. √ *Nee is nie aanvaarbaar nie.* *Ja kry 'n punt, die motivering kry die ander punte.*	1 2
10.8	Derdepersoonverteller √	1
10.9.1	Baas dryf handel op 'n plek wat die khuta as woonplek aan hom toegeken het.√	1
10.9.2	Hy vermy konflik. √	1
10.10	Vir die kerk is net die beste goed genoeg. √	1
10.11	Sy wil net die beste vir die kerk hê./ Sy gee vir Baas 'n antwoord op sy vraag oor Christenskap. √	1
10.12	Christenskap √	1
10.13	Sy ouers is vermoor.√ **EN** Die Bosoorlog √	2
10.14	Die plantegroei en voëlgeluide skep 'n rustige stemming. √ **EN** Terselfdertyd skep die groter diere, bv. die olifante, 'n onheilspellende stemming. √	2
10.15	Hy kom tot die insig dat hy met 'n doel Manaka toe gestuur is./ Hy besef jy kan Christenskap hê, dit verloor en weer vind./ Hy besef Christenskap is meer as woorde./ Hy besef sy planne is ondergeskik aan die Here se planne. √	1
		[25]

VRAAG 11: OPSTELVRAAG *Vatmaar* – AHM Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien. Naas die inhoud (15 punte) moet die aanbieding (taal en styl) ook volgens die rubriek geassesseer word (10 punte).
LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.

Inleidingsparagraaf:
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleidingsparagraaf, bv.

- In *Vatmaar* kom daar konflik voor wat verhoudinge met ander karakters beïnvloed.

Wat konflik in ’n roman is (2 feite)

- Konflik is botsing/rusie/stryd/struweling/spanning en manifesteer gewoonlik die sterkste by die hoofkarakter.
- Konflik is die element in ’n roman wat die handeling rig.
- Dit kan konflik/stryd wees as gevolg van keuses, begeertes wat in stryd is met die aanvaarbare norme, oordeelsfoute, vrese, behoeftes, ens.
- Konflik kan verskeie vorme aanneem, soos konflik met omstandighede/noodlot, met ander karakters of innerlike stryd binne-in ’n karakter.
- Innerlike sowel as uiterlike konflik kom voor.
- Konflik dra gewoonlik by tot insig en groei by die hoofkarakter.
- Newekarakters dra by tot spanning/konflik/stryd by die hoofkarakter.
- Konflik in ’n roman dra by tot die spanning en ontwikkel tot ’n krisis en klimaks.

Hoe konflik by Tant Wonnie en Oom Chai voorkom (2 feite by elke karakter)

- **Tant Wonnie** verwyt haarself dat sy en Heinrich nooit met ’n ring getroud is nie.
- Hy het haar verskeie kere gevra om voor die dominee te trou.
- Alhoewel Tant Wonnie tydens die beskuldiging van die ringstelery deur Settie September rondgestamp word, aanvaar sy alles gelate – uiterlike konflik.
- Op pad tronk toe word tant Wonnie geboei voor die perd uitgejaag en ervaar innerlike konflik tydens hierdie vernedering.
- Agter op Piet de Bruin se lorrie onthou Tant Wonnie weer van sy seksuele attensies en die stryd wat sy gehad het omdat sy byna ingegee het.
- Mev. De Bruyn laat Kaaitjie by die Bosmans sonder Tant Wonnie se toestemming werk en dit lei tot ’n woordewisseling.
- In die tronk worstel Tant Wonnie met die vraag waar Suzan is en hoe dit met haar gaan.
- Wanneer die Septembers op die kapkar klim, Tant Wonnie se gemmerbier opdrink en die bottel afgooi, raak Tant Wonnie handgemeen met die Septembers en gooi hul van die kar af.
- **Oom Chai** was een van die Cape Queen Boys en moes die Engelse help om die plaashuise af te brand. Dit ontstel hom en veroorsaak konflik.
- Oom Chai trou met ’n heelwat jonger Bettie en Vatmaar se mense het vir hierdie veranderinge gelag. Hulle keur ook nie hierdie verbintenis “met ’n kind” goed nie.
- Oom Chai is jaloers en sit nie op een dans tydens die stokvel uit nie, maar hy betaal die prys hiervoor: hy lê snags wakker met allerhande liggaamspyne.
- Oom Chai was jaloers op die jongmanne wat Bettie aantreklik gevind het en het pendorings in die paadjie geplant.
- As gevolg van sy jaloesie gooi hy het die grammofoon fyn en flenters en dans nie meer nie.
- Hy was jaloers omdat die jongmanne Bettie aantreklik gevind het en het haar roksoom afgetrek sodat hulle nie haar knieë kon sien nie. Dit het Bettie erg geïrriteer en het konflik tussen haar en Oom Chai gebring.

- Bettie moes later orals saam met Oom Chai beweeg omdat hy haar nie meer vertrou het nie.
- Toe Oom Chai jaloers raak oor die jongmanne se aandag aan Bettie, het hulle ook nie meer gekuier nie en Oom Chai se vriende het weggebly.

Hoe Tant Wonnie se konflik haar verhouding met die Septembers beïnvloed (3 gemotiveerde feite)

- Tant Wonnie se konflik as gevolg van Settie September se vals beskuldiging het niks aan haar naasteliefde verander nie.
- Tant Wonnie het die geld betaal sodat die Septembers 'n geleentheid Vatmaar toe kon kry ten spyte van die feit dat sy gehoor het dat Johnny eintlik die ring gesteel het.
- Tant Wonnie het besef dat liefde goed en sleg kan wees en beide kan opregte liefde wees.
- Nadat Settie September allerhande onwaarhede vertel het oor wat in die hof gebeur het, het Tant Wonnie nie die waarheid vertel nie. Sy het gesê hulle moet maar glo wat hulle wil.

Hoe oom Chai se konflik sy verhouding met Boytjie Afrika en Bettie beïnvloed (3 gemotiveerde feite)

- Boytjie dans met Bettie en dit veroorsaak konflik. Oom Chai hou nie meer van Boytjie nie.
- Hy het die grammofoon stukkend gegooi en Boytjie uit sy huis gejaag. Daar is ook nie meer in sy huis gedans nie.
- Oom Chai se verhouding met Bettie het gou krake begin wys. Hy het nie van die aandag gehou wat Bettie van die jongmanne gekry het nie. Sy het hom van jaloesie beskuldig.
- In plaas daarvan dat daar begrip van Bettie se kant af was, het sy 'n bespotting van oom Chai gemaak. Sy het hom aspris flou gedans en janlap gegee onder die voorwendsel dat dit hom jonger sal maak.
- Oom Chai het haar later soos 'n gevangene in haar eie huis behandel. Oral waar hy beweeg het, moes sy saamgaan, want hy het haar en Boitjie nie vertrou nie.

Die geloofwaardigheid van die afloop van hierdie twee karakters se konflik (2 gemotiveerde feite)

- Ek vind nie Tant Wonnie se hantering van die konflik geloofwaardig nie. 'n Mens wat so verneder word, sal seker terugbaklei.
- Enige mens wat soos Tant Wonnie behandel word, sal darem seker die waarheid aan ander wil vertel.
- Ek vind Tant Wonnie se hantering van die konflik geloofwaardig aangesien sy 'n Christen was en dit van 'n Christen verwag word om die ander wang te draai.
- Ek vind oom Chai se hantering van die konflik geloofwaardig, aangesien jaloesie 'n mens so laat optree.
- Enigiemand wat in 'n verhouding staan, met so 'n groot ouderdomsverskil, sal enigiets probeer om die verhouding te red.

Watter raad jy aan Oom Chai sou gee om hierdie konflik op te los (1 gemotiveerde feit)

- Hy en Bettie moes van die begin af oor die probleme van so 'n groot ouderdomsverskil gesels het. Dan sou hulle die probleme kon hanteer.
- Hy en Bettie moes dalk 'n ooreenkoms aangegaan het. Bettie kon met Boytjie gedans het, terwyl hy kyk. Sy sou dus met jongmense kon meng en oom Chai sou nie uitgesluit gevoel het nie.

Slot

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Konflik het die karakters niks gebaat nie.

[25]

OF

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG *Vatmaar* – AHM Scholtz		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
12.1	Die khadie en sjerrie is op die grond uitgegooi./ Hulle het op die vier bakens geürineer. √	1
12.2	Net die hoekpenne het aan die huisbewoner behoort. √	1
12.3	Letterlik het die mense geweldige armoede geken, want daar was niks op Vatmaar nie. Daarteenoor was hulle ryk aan geestelike goedere: waardes, liefde ens. (figuurlik) √ *Kandidate moet beide kante van die saak noem.*	1
12.4	Sy het nooit vir Tant Wonnie/haar ma vertel sy is swanger nie, want daar was nie swanger ongetroude meisies in Vatmaar nie. √	1
12.5	Vatmaar was afgeleë en het niks gehad nie./ Vatmaar het geweldige armoede geken./ In Vatmaar het alles aan almal behoort. √	1
12.6.1	Oom Ta Vuurmaak √	1
12.6.2	Hy was die oudste in Vatmaar en het dié dinge beleef./Hy het nooit vergeet wat hy gesien het nie. √	1
12.7	Hy het gemaak of hy nie op die been met die vleiswond kon trap nie. √	1
12.8	'n Kelkie √	1
12.9	Mariam √	1
12.10	Sy het hierdie gebeure beleef. Sy kan dit eerstehands oorvertel./ Dit is baie meer geloofwaardig. √	1
12.11	Sy is buite die huwelik swanger./ Haar pa het haar mishandel./ Die pa het gesê haar respek is deur die varke opgeëet, maar die ou vrou noem haar "my kind". √	1
12.12	Hy sou nou sy lobola (maskawie) kwyt wees./ In die Islamgeloof is dit onaanvaarbaar om buite die huwelik swanger te wees./ Hy was skaam omdat sy dogter buite die huwelik swanger was. √	1
12.13	Nee Alle mense kan foute maak./ Al het sy hierdie fout begaan, bly sy hul dogter./ Sy is spyt oor wat gebeur het./ Allah is 'n genadige God wat haar sal vergewe. √√ **OF**	

	Ja In daardie dae was dit 'n onvergeeflike oortreding./ Die gemeenskap gaan nou ook haar ouers verwerp. √√	2
12.14	geldgierigheid √	1
12.15	Ma Khumalo √ **EN** Sy het soveel goed in haar gehad dat sy Mariam onder haar vlerk geneem het. √	2
12.16	Sy het die naam wat Ma Khumalo haar gegee het, aanvaar en haar kind die van Khumalo gegee. √ Sy het die naam, Mary, wat Ma Khumalo haar gegee het, aanvaar√ en haar kind die van Khumalo gegee. √/ Taliep het geen seggenskap oor die kind nie. √	2 1
12.17	Hartseer/ Ontnugtering/ Alleenheid √	1
12.18	Sy het van die Moslem geloof na die Christelike geloof oorgegaan. √ **EN** Dit kan realisties wees, aangesien dit daagliks gebeur dat ander gelowe die Christelike geloof aanneem. √√/ **OF** Dit is nie realisties nie, aangesien 'n Moslem nie sommer die Christelike geloof sal aanneem nie. √√	1 2
		[25]
	TOTAAL AFDELING B:	**25**

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 13: OPSTELVRAAG *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien. Naas die inhoud (15 punte) moet die aanbieding (taal en styl) ook volgens die rubriek geassesseer word (10 punte).
LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.

Inleidingsparagraaf:
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.

- In dié drama is daar een tema wat uitstaan.

Die tema van die drama na aanleiding van die aanhaling (1 feit)

- Elke mens/Mense wil graag iemand wees/’n identiteit hê en êrens behoort/wil voel dat die toekoms vir hom/haar iets positiefs inhou/elke mens wil graag uit ’n uitsiglose bestaan kom.

Hoe die optrede van Map, Cavernelis en Blanchie dié tema ondersteun (5 feite)
Map:

- Hy kry nie werk nie. Hy sluit by bendes aan en word die leier van drie bendes wat aan hom ’n eiewaarde gee en hom aan iets laat behoort.
- As ontwortelde inwoner voer hy na die verskuiwing van Distrik 6, ’n troostelose, uitsiglose bestaan op die Kaapse Vlakte.
- Sy naam is Johnnie. Dit word "Map"; twee name bewys sy identiteitskrisis.
- Hy laat sy hele lyf tatoeëer as bewys van sy soeke na identiteit; vandaar die naam "Map".
- Hy gee toestemming vir die roof op sy ma en sussie. Die bende erken hom as leier.

Cavernelis en Blanchie:

- Hy soek na ’n beter bestaan/wil weg van die troostelose, uitsiglose bestaan na iets beters toe. Hy doen twee werke om ekstra geld te in om sy droom te verwesenlik.
- Cavernelis en Maud wil graag na ’n beter woonbuurt verhuis. Hulle laat Blanchie se doen en late stil toe in die hoop dat daar vir haar/hulle iets beters daaruit sal voortspruit.
- Cavernelis pleeg selfmoord wat bewys dat hulle situasie eintlik voortdurend slegter word, dat hulle die omstandighede nie kan ontsnap nie.
- Blanchie droom oor ’n ander lewe, beter plek, ’n toekoms in die modelbedryf. Sy laat toe dat sy deur wit mans uitgebuit en misbruik word.

Hoe hierdie tema Map se lewe beïnvloed het (oorsake en/of gevolge)
(6 gemotiveerde feite)

- Map kon nie werk kry nie omdat al die poste vir wit mense gereserveer was. Daarom sluit hy by bendes aan en word so deel van die misdaad in sy woongebied.
- Hy laat sy lyf tatoeëer as getuienis van sy “*terrible gesoek vir ’n identity*”/om te wys waar hy “*gewies*” het.
- As leier van een van die bendes het hy, onwetend, toestemming gegee dat sy ma en suster beroof word wat lei tot die verkragting van sy ma en suster, haar dood en die moord van een van die bendelede waarvoor hy tronk toe gestuur word.
- Vanweë sy betrokkenheid by misdaad hou Cavernelis nie van hom nie sodat Blanchie haar rug op hom keer.

- Map gee hom aan die polisie oor na die verkragting en moord. Dit lei daartoe dat sy jeugliefde, Blanchie, en die gemeenskap hom verwerp.
- Aanvanklik was hy iemand met baie potensiaal, maar as gevolg van sy rekord word hy deur die gemeenskap gevrees en sleggesê.
- Sy gesin word deur sy toedoen uitmekaar geskeur: sy ma is stom, sy suster is dood en hy is in die tronk; die uitsigloosheid van sy (en hulle bestaan) word daardeur beklemtoon.
- Aanvanklik het hy ’n belangrike rol gespeel in die Kersorkes. As gevolg van sy dade en veroordeling wil die orkes hom nie langer gebruik nie.
- Na sy vrylating probeer hy weer eens werk soek, maar niemand wil hom aanstel nie as gevolg van sy misdaadrekord.
- Hy keer terug uit die tronk na “kamma” vryheid; hy bly dus steeds in dieselfde woongebied waar die wind steeds troosteloos waai en die toekoms niks beter lyk nie.
- Buite die tronk spreek Blanchie hom aan as “Johnnie” terwyl die res van die gemeenskap hom aanspreek as “Map”. Sy soeke na identiteit duur dus ook steeds voort.

Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
Ja
- Daar is steeds mense wat soek na ’n eie identiteit en om daardie rede by bendes betrokke raak.
- Daar is steeds baie armoede en daarom ervaar Suid-Afrika baie geweld en misdaad.
- Suid-Afrika het steeds baie woongebiede waar die omstandighede troosteloos en uitsigloos is.
- Suid-Afrikaners ervaar steeds dat werk vir sekere rasse gereserveer word en dit lei tot werkloosheid en konflik.

OF

Nee
- Die sogenaamde Apartheidsjare is lank reeds verby en dis tyd dat ons aanbeweeg. Dit maak die drama irrelevant.
- Mense behoort verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie keuses en situasies en moet ophou om die regering te blameer of om hulle verantwoordelik te hou vir alles in die land.

Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Map was (1 gemotiveerde feit)
Die kandidaat gee sy eie gemotiveerde mening, byvoorbeeld:
- Ek sou nie trots wees om ’n bode te wees nie en sou eerder na ander werk gesoek het, maar ek sou beslis nie by bendes betrokke geraak het nie.
- Ek sou die land verlaat en oorsee vir my ’n heenkome en werk gaan soek het.
- Ek sou nie doodgemaak het nie, maar ek sou wild gesteel het.

OF

- Ek sou net soos Map opgetree het. Ek sou ook nie ’n minderwaardige werk aanvaar het nie.
- Ek sou by bendes betrokke geraak het. Dit is die vinnigste manier om geld te maak en dan sou ek oorsee gegaan het.

Slot
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste slot, bv.
- Identiteit is inderdaad ’n belangrike tema in hierdie drama. **[25]**

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
14.1	In die tronk √	1
14.2	Sy ma ken hom nie eintlik as Map nie./ Vir Antie Grootmeisie is hy Johnnie./ Hy wil aandui dat hy verander het. √	1
14.3.1	Sy is stom vandat sy verkrag en haar dogter vermoor is./ Sy kan nog nie praat nie./ Vergifnis het nog nie plaasgevind nie. √	1
14.3.2	Map het sy skuld bely/alles vertel nadat hy bekeer is./ Cavernelis moes sterf/boete doen./ Map moes voor sy ma kniel./Dit was 'n vergifnisdaad. √	1
14.4	Hy is lief vir haar./ Sy was sy jeugliefde. √	1
14.5	Korrek √ **EN** Haar pa het haar verbied om iets met Map te doen te hê./ Sy werk baie hard aan haar modelloopbaan./ Sy het kontak met ander mans./ Blanchie voel skuldig oor haar aktiwiteite. √√ **OF** Verkeerd √ **EN** Sy het aanvanklik vir hom gaan kuier en moes nie van plan verander het nie./ Iemand wat in die tronk is, het geliefdes se ondersteuning nodig. Deur hom te ondersteun, sou sy dalk minder tyd gehad het om met ander mans deurmekaar te wees. √√	1 2 1 2
14.6.1	Neweteks/ Toneelaanwysings/ Subteks √	1
14.6.2	Dit gee inligting oor die karakter se reaksies./ Dit laat die gehoor/kyker die gepaste reaksie sien. √	1
14.7	Sy moet hom voorberei vir sy terugkeer na die lewe buite die tronk./ Sy help hom om werk te kry na sy vrylating. √	1
14.8	Die taal pas in die mond van die sprekers./ Dit maak die sprekers geloofwaardig./ Dit help met karakterisering. √ *Enige TWEE bewyse*	2

14.9.1	Vir Map lê daar 'n positiewe/beter/volmaakte tyd/lewe voor./ Sewe simboliseer volmaaktheid en dit is dus goed dat Map juis op die sewende vrygelaat word. √	1
14.9.2	"lewendig"/ "opgewonde"√	1
14.9.3	Kersfees/*Krismis* vind plaas in Desember. √	1
14.10	Die gebeure speel af in die tyd van die gedwonge verskuiwings deur die Apartheidsregering/sestigerjare./ √ Inwoners van Distrik Ses is gedwing om op die Kaapse Vlakte te gaan bly as gevolg van die Apartheidsregering se beleid. √ *Die kandidaat ontvang 'n punt elk vir sosiale en politieke agtergrond.*	1 1
14.11	Die Apartheidsregering √ **EN** Hy is gedwing om by bendes betrokke te raak. Hy kon nie werk kry nie/moes met die minimum klaarkom en was arm. Hy het na sy identiteit en erkenning gesoek. Hy het toegelaat dat sy bende vroue verkrag en vermoor/het in die tronk beland. √√ *Enige TWEE bewyse*	1 2
14.12	La Guma het baie gepraat, maar niks gedoen om sy eie situasie te verbeter nie. √	1
14.13	Cavernelis pleeg selfmoord en laat sy vrou en Blanchie in baie hagliker omstandighede as wat hulle was./ Sy strewe na beter dinge veroorsaak dat hy sy vrou en dogter verloor./ Hy laat toe dat mense Blanchie misbruik (in sy strewe om 'n beter lewe te bekom) wat tot sy dood lei./ Sy strewe na 'n beter lewe lei tot sy dood./ Hy kom juis uit sy omgewing deur te sterf/ontsnap deur dood te gaan. √	1
14.14.1	Mense het behoefte aan erkenning/koers/rigting/identiteit. √	1
14.14.2	Mense in Suid-Afrika ly steeds onder die invloed van die Apartheidsjare se soeke na identiteit./ Die stryd tussen die verskillende rasse in Suid-Afrika woed steeds./ Bendegeweld voer steeds hoogty op die Kaapse Vlakte./ Ter wille van 'n beter toekoms en identiteit verlaat baie mense ons land./ Elke mens streef na 'n sinvolle toekoms waarin hy/sy sukses kan bereik. √	1
		[25]

OF

VRAAG 15: OPSTELVRAAG *Mis* – Reza de Wet

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien. Naas die inhoud (15 punte) moet die aanbieding (taal en styl) ook volgens die rubriek geassesseer word (10 punte).
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.

Inleidingsparagraaf:
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv.

- In dié drama is daar een tema wat uitstaan.

Die tema van die drama na aanleiding van die aanhaling (1 feit)

- Mense wat in benouende/beklemmende omstandighede vasgevang is, hunker na bevryding en doen soms drastiese dinge om dié vryheid te bekom.

Hoe die optrede van Miem, Meisie en Gertie dié tema ondersteun (5 feite)
Miem:

- Miem bevind haar in armoedige omstandighede tydens die Depressie.
- Sy werk baie hard om mis te verkoop om te oorleef.
- Sy is ook 'n gevangene van haar omstandighede aangesien haar man al vir sewe jaar in die huis se solder wegkruip.
- Haar godsdienstige oortuigings en bygelowe perk hulle bestaan in.
- Haar verwysing na uile en die dominee is rigtinggewend en daarom wil sy voortdurend die bose besweer.

Meisie:

- Meisie ervaar geen vryheid en 'n jongmenslewe nie omdat sy daagliks baie hard werk om af te stof, te vee en die vensters te was.
- Die reuk van die mis en die vlieë veroorsaak dat niemand by Meisie wil kuier nie en sy dus baie alleen is.
- Haar ma domineer haar en gee net bevele terwyl Meisie na gewone goedjies smag.
- Sy hunker na vryheid om die sirkus in die dorp te besoek, maar haar ma verbied haar.
- Haar pa sit in die dak en Meisie moet daagliks die slopemmer uitgooi en saam met haar ma spook om te oorleef, wat haar vryheid en beweging verder beperk.
- Sy is jonk en dis 31 Augustus 1936; daarom beïnvloed haar ma/Gertie en die gemeenskap se onnatuurlike vrees vir die bose en euwels haar.
- Sy vertrou die Konstabel wat deur haar ma in die huis toegelaat word te maklik en loop saam met hom weg.
- Hoewel Meisie 'n naam "Margareta" het, is sy net "Meisie" wat bewys dat sy in haar benouende omstandighede niemand is nie, nie gereken word deur haar ma nie.

Gertie:

- Die oujongnooi is eweneens vasgevang in haar eie eensaamheid, sy het behoefte aan manlike aandag/kry sy vryheid in die sensuele dans.
- Vanweë haar kleindorpse bestaan smag sy ook na die vreemde/eksotiese/avontuurlike. Sy gaan kyk na die sirkus se "fratse".

Hoe hierdie tema Meisie se lewe beïnvloed het (oorsake en/of gevolge)
(6 gemotiveerde feite)

- Meisie is vasgevang in haar huislike omstandighede van harde werk en armoede. → Sy smag sy na vryheid en 'n gewone jongmenslewe buite die huis.
- Vanweë hulle misverkope word sy gedwing om permanent skoon te maak (huis/vensters). → Sy het geen vryheid nie, wat haar dwing om ongehoorsaam te wees en weg te loop na die sirkus.
- Die reuk van die mis jaag belangstellende jong geselskap weg. → Sy vereensaam en het 'n behoefte aan manlike aandag.
- Haar pa se afwesigheid dra by tot haar huislike omstandighede. → Sy moet haar ma help om die pot aan die kook te hou.
- Haar ma domineer haar met bevele en opdragte en manipuleer haar om na haar pype te dans. → Sy loer verlangend deur die gordyne om uiting te gee aan haar behoefte aan vryheid.
- Haar verhouding met haar ma is nie openhartig nie. → Sy doen goed skelm: sy loop een nag weg dorp/sirkus toe en loop skelm met die konstabel weg.
- Wanneer die konstabel aan haar aandag gee, ontluik sy. Dit stel haar oop vir sy invloed om saam met hom weg te loop.
- Die invloed van die meisies wat die vorige twee jaar verdwyn het, noop haar om binnenshuis te bly. Daarom stel Konstabel se teenwoordigheid haar gerus en sy vertrou hom goedertrou.
- Konstabel se aandag en die feit dat hy vra na haar doopnaam, vlei haar. Sy kry dus erkenning, aandag en beskou hom maklik as die vriend wat sy nooit gehad het nie.
- Die besluit om saam met Konstabel weg te loop (in 'n poging om vryheid te bekom) is gedoem: sy is nie voorberei vir die lewe/keuses/invloede buite die huis nie en word waarskynlik vermoor. Sy ontsnap dus nie uit haar beklemmende omstandighede nie.

Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
Ja

- Daar is baie kinders/jongmense wat steeds in armoede en huislike ellende grootword en dan verkies om buite die huis 'n heenkome te gaan soek, maar omdat hulle nie vir die lewe voorberei is nie, word hulle misbruik/uitgebuit/doodgemaak.
- Daar is baie jongmense wat 'n behoefte het aan liefde en aandag en dan met die verkeerde vriende/mense/kennisse/vreemdelinge deurmekaar raak en uiteindelik slegter daaraan toe is.
- Daar is baie jongmense wat onder die swaar hand van 'n ma/pa staan en nie 'n gewone jongmenslewe kan lei nie en daarom wegtrek/wegloop.

OF

Nee

- Moderne kinders het baie vryheid, veral vanweë die Internet en daarom is dit nie nodig om drastiese dinge te doen om vryheid te bekom nie.
- Moderne jongmense het toegang tot beraders en ander mense en kan gaan praat indien hulle voel dat hulle ouers verkeerd optree teenoor hulle.

Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Meisie was (1 gemotiveerde feit)
Die kandidaat gee sy eie gemotiveerde mening, byvoorbeeld:

- Ek sou vir seker nie saam met Konstabel weggeloop het nie, maar eerder met my ma probeer praat het om haar tot ander insigte te bring.
- Ek sou lankal vir my 'n ander blyplek gaan soek en/of ander heenkome gesoek het.
- Ek sou presies dieselfde gedoen het en Konstabel as my sleutel tot vryheid gesien het.

Slot
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

- Die soeke na vryheid is inderdaad 'n belangrike tema in hierdie drama. **[25]**

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG *Mis* – Reza de Wet		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
16.1	Sy werk goiingsakke/sakke vir die mis toe. √	1
16.2	Dit bewys dat sy hewig ontsteld is. √	1
16.3.1	Iemand ontvoer/maak jong meisies dood. √	1
16.3.2	Dis net na die Depressie. √ Miem en Meisie bly onder armoedige omstandighede in 'n bywonershuis.√ *Ken 1 punt toe vir tyd en 1 punt vir sosio-politieke agtergrond.*	2
16.4	Sy smag na die eksotiese/avontuurlike/vryheid buite die huis./ Die sirkusliggies en -musiek bekoor haar./ Sy wil baie graag die sirkus besoek/meer van die sirkus te wete kom. √	1
16.5	Sy glo die sirkus verteenwoordig onheil/die bose/is 'n euwel./ Sy het Meisie verbied om daarin belang te stel. √	1
16.6	Sy gril nie regtig nie./Sy is vals./Sy maak of sy gril. √ Sy het van nuuskierigheid na die fratse gaan kyk./Sy wou graag die fratse sien. √	2
16.7.1	Sy het na die fratse gaan kyk sodat sy haar eie seëninge kan tel. √	1
16.7.2	Sy is bang dat Miem agterkom sy jok oor die ware toedrag van sake./ Sy het amper haar mond verby gepraat. √	1
16.8	Die slopemmer (wat Gabriël laat sak het) √ **EN** Sy moet dit elke dag/elke tweede dag skoonmaak./ Sy het nie 'n normale jongmenslewe nie./ Haar pa sit al vir jare in die solder en sy moet haar afsloof om hom te versorg. √√ *Enige TWEE bewyse*	1 2
16.9	jy √	1
16.10	Sy wil nie verkeerde goed doen/haar ma weer kwaad maak/ontstel nie, √ want dan word haar ma siek/dan raas haar ma met haar. √	2
16.11	Toneelaanwysings/neweteks/subteks √	1
16.12	*Mis* van die titel verwys ook na die slopemmer met menslike afval wat hier ter sprake is. √	1
16.13	Dit is geslaagd. √ **EN** Dit herinner die leser voortdurend aan die bonatuurlike/eksotiese/Meisie se verlange na vryheid/die teenwoordigheid van die bose en/of gevaar. √ Dit versterk/beklemtoon die gevoel van onheil wat dreig/Meisie se hunkering na die vryheid buite die huis/lokstem van die eksotiese. √	1 2

16.14	Hoewel dit lyk of Meisie en Konstabel goed oor die weg kom, is hulle besig met geheime planne om weg te loop wat slegte gevolge vir almal gaan hê./ Die ma is hier opgewonde, maar die werklikheid is dat sy gaan huil.√ *Dui beide kante van ironie aan vir 1 punt.*	1
16.15.1	Miem het 'n knellende houvas op Meisie en daarom smag sy na vryheid buite die huis/wil sy vry wees. √	1
16.15.2	In ons eie tyd is daar steeds baie jong mense wat van hulle huise wegloop in 'n poging om vryheid te bekom. √	1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE-OPSTEL HUISTAAL 10 PUNTE	TAAL Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word.	-Baie goeie koherente struktuur. - Uitstekende inleiding en samevatting. - Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik - Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek.	-Opstel goed gestruktureer. - Goeie inleiding en samevatting. - Maklik om argumente en gedagtegang te volg. - Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel. - Goeie aanbieding	- Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente. - Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer. - Kan vloei van argumente volg. - Taal, toon en styl grootliks korrek.	- Sommige bewyse van struktuur. - Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie. - Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek.	- Bewyse dat struktuur swak beplan is. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie. - Paragrafering gebrekkig	- Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente. - Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks. - Paragrafering verkeerd.	- Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is. - Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie. - Taal is swak. - Verkeerde taal en styl. - Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek.
INHOUD Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verantwoording en beheersing van gedig		7 80–100%	6 70–79%	5 60–69%	4 50–59%	3 40–49%	2 30–29%	1 0–29%
- In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken. - Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89% - Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word - Genre en gedig word uitstekend verstaan.	7 80–100%	8–10	7–7½	7–8				
- Bogemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken. - Uitgebreide respons. -Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word. - Genre en gedig word baie goed verstaan	6 70–79%	7½–8½	7–8	6½–7½	6–7			
- Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed. - Redelike uitgebreide respons. - Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie. - Genre en gedig word verstaan.	5 60–69%	7–8	6½–7½	6–7	5½– 6½	5–6		
- Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie. - Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp. - Meeste argumente ondersteun onderwerp,maar bewyse is nie oortuigend. - Genre en gedig word basies verstaan.	4 50–59%		6–7	5½–6½	5–6	4½–5½	4–5	
- Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord. - Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp. - Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig. - Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie.	3 40–49%			5–6	4½–5½	4–5	3½–4½	3–4
- Swak begrip van onderwerp. - Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie. - Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig.	2 30–39%				4–5	3½–4½	3–4	1–3½
- Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie. - Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig.	1 0–29%					3–4	1–3½	0–3

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING **VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA**
Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [15] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80–100%	Uitmuntend 12 tot 15 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 8– 10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en afsluiting. Argumente si goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70–79%	Verdienstelik 11 punte	Bogemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdienstelik 7 punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60–69%	Beduidend 09 of 10 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50–59%	Voldoende 08 punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5 punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40–49%	Matige 06 of 07 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4 punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30–39%	Basiese 05 punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks	Basiese 3 punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0–29%	Ontoereikend 0 tot 5 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0–2 punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.

Kopiereg voorbehou